

Jesus se liefde dring tot dankbaarheid

Egte godsdiens bestaan uit 'n lewende, warm verhouding wat jy met Jesus Christus het. Jesus roep jou tot hierdie verhouding met Hom in die drie woorde: “kom”, “vat” en “leer”.

Eerstens nooi Jesus jou uit: “Kom na My toe ...” Hoekom na Jesus toe? Hy gee rus, vrede, kalmte vir mense wat sat geslaan is deur die sondelas, mense wat uitgeput is, oorlaai is en wie se kragte deur die sonde opgebruik is. Is jou sondevrag miskien te swaar? Smag jy miskien na verligting? Hoor jy Jesus na jou roep? “Kom na My toe!” “Ag, my liefde skiet ver te kort ...” “Kom na My toe!” “Ag, my sonde kla my aan ...” “Kom na My toe!” “Ag, my kerkgang, my ywer, my verhoudings, my gebede ...” “Kom na My toe!” Hoor jy hoe Jesus na jou roep?

Hy roep na jou, want Hy wil tweedens iets aan jou gee. Wat is dit? “Neem my juk op julle ...” Hy wil sê: “Hier, vat! Dis verniet. Sit my juk op jóú skouers.” Is dit 'n slawejuk? Nee, Jesus het mos onder jou sondejuk ingeskuif en dit op Golgota klaar gedra. Nou kom pas Hy sy genadejuk netjies op jou skouers. Hier, trek in hierdie juk! Dit is lig, dit is sag. Dit boor sondaars nie in die grond in nie, maar laat hulle hul koppe dankbaar optel en blymoedig dra.

Juis dit wil Jesus jou laastens leer oor hierdie juk van Hom: “My juk is sag en my las is lig.” 'n Genadejuk, 'n liefdesjuk maak jou mos nie teësinnig nie. Onder sy genadejuk is jy nie meer 'n swoegende slaaf nie, maar 'n gewillige kind. Selfs al kry jy nog skaafplekke onder hierdie juk, gee Hy deur sy Gees self vir jou wonde. Nooit sal die las vir jou te swaar word nie. Hy sal selfs in sy liefde die laste aflag en die juk draaglik maak sodat jy dankbaar kan bly trek onder sy juk. 'n Genadejuk! Jy mag dit nie weier nie!

Sing: Skrifberyming 17-2:5, 7, 8

Ds. TJ Potgieter (Bloemfontein-Noord)